

GRAAD 4 SEPTEMBER VRAESTEL

VRAAG 1

1.1 Sê of die volgende stellings waar of onwaar is.

a) Ons hoofbron van energie is plante.

_____ (1)

b) Daar bestaan net een soort energie.

_____ (1)

c) Energie word in plante gestoor.

_____ (1)

d) Energie is nie oral rondom ons nie.

_____ (1)

e) Hitte en klank is voorbeelde van energie.

_____ (1)

VRAAG 2


Pas die letter van die prente hieronder by die korrekte beskrywing.




A



B



C



D

a) Gee vir ons lig. _____ (1)

b) Gee vir ons hitte. _____ (1)

c) Gee vir ons klank. _____ (1)

d) Help ons om te beweeg. _____ (1)

VRAAG 3

3. 1 Kyk na die prent en voltooi die paragraaf deur gebruik te maak van die woorde wat verskaf word.




uitset	harde	energie	inset	sag
--------	-------	---------	-------	-----

Die energie wat gebruik word om op die drom te slaan, word die _____ van energie genoem. Die nar sal _____ moet slaan om 'n harde klank te gee. Hy sal dus sag moet slaan om 'n _____ klank te gee. Die klank wat gehoor word as die drom geslaan word, is die _____ van energie. _____ is wat ons benodig om dinge te kan doen.

(5)

3. 2. 1 Bestudeer die prent hieronder en vul woorde in in die spasies in die diagram met die pyltjies.




(3)

3. 2. 2 Wat word hierdie soort diagram (met die pyltjies) genoem ?

(1)

VRAAG 4

4.1 Verduidelik in jou eie woorde wat die diagram hieronder beteken.




(5)

4.2 Watter soorte energie verskaf kerse vir ons ?

(2)

VRAAG 5



5.1 Waarom is musiekinstrumente ook stelsels ?

(2)

5.2 Wat, hoofsaaklik, is die energie wat opgelewer word deur musiekinstrumente ?

(1)

5.3 Die feit dat ons musiekinstrumente moet slaan, blaas of skud beteken dat _____-energie benodig word as die inset van energie. (1)

5.4 Bestudeer die prente hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



a) Noem 3 tipe musiekinstrumente wat ons kry. Gee van elk 'n voorbeeld.

_____ (2)

_____ (2)

_____ (2)

VRAAG 6

6.1 Wat beteken dit as ons sê dat musiekinstrumente dele het wat vibreer?

_____ (2)

6.2 Noem 2 tipe inheemse Afrika – musiekinstrumente.

_____ (2)

6.3 Voltooi: Sonder vibrasie sal daar geen _____ wees nie. (1)

TOTAAL: 40 punte

GRAAD 4 SEPTEMBER VRAESTEL

VRAAG 1

1.1 Sê of die volgende stellings waar of onwaar is.

- a) Ons hoofbron van energie is plante.

Onwaar _____ (1)

- b) Daar bestaan net een soort energie.

Onwaar _____ (1)

- c) Energie word in plante gestoor.

Waar _____ (1)

- d) Energie is nie oral rondom ons nie.

Onwaar _____ (1)

- e) Hitte en klank is voorbeelde van energie.

Waar _____ (1)

VRAAG 2


Pas die letter van die prente hieronder by die korrekte beskrywing.




A



B



C



D

- a) Gee vir ons lig. **C** _____ (1)

- b) Gee vir ons hitte. **A, C** _____ (1)

- c) Gee vir ons klank. **D** _____ (1)

- d) Help ons om te beweeg. **B** _____ (1)

VRAAG 3

3. 1 Kyk na die prent en voltooi die paragraaf deur gebruik te maak van die woorde wat verskaf word.




uitset	harde	energie	inset	sag
--------	-------	---------	-------	-----

Die energie wat gebruik word om op die drom te slaan, word die inset van energie genoem. Die nar sal hard moet slaan om 'n harde klank te gee. Hy sal dus sag moet slaan om 'n sagte klank te gee. Die klank wat gehoor word as die drom geslaan word, is die uitset van energie. Energie is wat ons benodig om dinge te kan doen.

(5)

3. 2. 1 Bestudeer die prent hieronder en vul woorde in in die spasies in die diagram met die pyltjies.



(3)


3. 2. 2 Wat word hierdie soort diagram (met die pyltjies) genoem ?

Vloeiagram

(1)

VRAAG 4

4.1 Verduidelik in jou eie woorde wat die diagram hieronder beteken.



Die son verskaf energie. Die energie word deur plante geabsorbeer en gestoor. Diere vreet die plante. Diere (vleis) en plante (groente en vrugte) word deur mense geëet. Sodoende kry mense energie om als te kan doen.


(5)

4.2 Watter soorte energie verskaf kerse vir ons ?

Lig en hitte

(2)

VRAAG 5



5.1 Waarom is musiekinstrumente ook stelsels ?

Musiekinstrumente het dele wat saamwerk om iets te laat gebeur, soos bv. om 'n sekere klank op te lewer.

(2)

5.2 Wat, hoofsaaklik, is die energie wat opgelewer word deur misiekinstrumente ?

Klank

(1)

5.3 Die feit dat ons musiekinstrumente moet slaan, blaas of skud beteken dat **bewegings** -energie benodig word as die inset van energie. (1)

5.4 Bestudeer die prente hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



a) Noem 3 tipe musiekinstrumente wat ons kry. Gee van elk 'n voorbeeld.

Blaasinstrumente – trompet, fluit, saksofoon (2)

Strykinstrumente – kitaar, viol (2)

Slaginstrumente – trom (dromme), driehoek (2)

VRAAG 6

6.1 Wat beteken dit as ons sê dat musiekinstrumente dele het wat vibreer ?

Dit beteken dat dele van die instrument of soms die hele instrument, skud met klein bewegings heen en weer. (2)

6.2 Noem 2 tipe inheemse Afrika – musiekinstrumente.

Boog, horing, mbira, mbila mutondo, //gwashi (2)

6.3 Voltooi: Sonder vibrasie sal daar geen **klank** wees nie. (1)

TOTAAL: 40 punte